

BYLAE E: SELFOONBELEID

Die Beheerliggaam het geen ander opsie gehad as om die bestaande selfoonbeleid te heroorweeg tydens 'n vergadering van 30 Oktober 2008 nie. Die volgende probleme wat tans ondervind word met selfone is geïdentifiseer en deeglik bespreek:

- leerders wat tydens lesure na musiek luister;
- selfone wat tydig en ontydig in klasse lui;
- die gevare wat die kitsboodskapstelsel Mxit vir ons kinders inhou;
- die gevare van selfoonpornografie en pornografiese materiaal wat leerders op hul selfone het;
- die risiko wat ons leerders loop om beroof te raak en beseer te raak tydens die roof van hulle selfone;
- die gedurige konfrontasie wanneer personeel selfone konfiskeer wat tydens lesure gebruik word;
- die ure wat spandeer word om sake te ondersoek in gevalle waar selfone tydens klastyd en pouses wegraak;
- die diefstal van mekaar se simkaarte en selfs lugtyd.

Die beheerliggaam het die nuwe selfoonbeleid tydens hierdie vergadering geformuleer en aanvaar. Die beleid lui as volg:

1. Geen leerder mag enigsins in besit wees van 'n selfoon vanaf die oomblik dat die skoolterrein soggens betree word totdat die skoolterrein na skool weer verlaat word nie.
2. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat verlore raak tydens na-skoolse aktiwiteite asook oor naweke nie. Ouers moet hierdie gevalle self by die polisie aanmeld sodat hulle 'n eis teen die versekering kan indien.
3. Die sanksie waarop besluit is, is as volg:

Eerste oortreding: Ouers/Voogde moet self die selfoon kom afhaal.

Tweede oortreding: 'n Boete van R50 sal gehef word en die ouers/voogde moet die selfoon self kom afhaal.

Derde oortreding: Selfoon word gekonfiskeer tot die einde van die jaar en dan moet ouers/voogde ook self die selfoon kom afhaal.

Waar 'n leerder weier om 'n selfoon te oorhandig, sal dit as ernstige wangedrag beskou word en dienooreenkomstig die bepalings soos vervat in die gedragskode hanteer word.

4. Geen korrespondensie, onderhandelinge of onderhoude sal t.o.v. die gekonfiskeerde selfone gevoer word nie.
5. Daar is telefone beskikbaar by die algemene kantoor indien 'n leerder 'n belangrike oproep moet maak. Belangrike boodskappe word ook deur die algemene kantoor aan die leerders oorgedra.
Verder is daar munt- sowel as kaartfone by die skool geïnstalleer vir gebruik deur leerders soos bepaal deur die gedragskode.

Hierdie dokument word bygevoeg as een van die beleidsdokumente van die Gedragskode.